# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

3/2024

23 Januarie 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Mikro Jolyt
3. Sport van die week
4. Netbaloefeninge

## 1. UIT DIE KANTOOR

In die Bybel in Efesiërs 2:10 (NLV) lees ons:

*"Ons is God se handewerk, Hy het ons só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe."*

Mikro is 'n waarde-gedrewe skool. Ons streef daarna om elke dag ons waardes uit te leef en 'n voorbeeld vir ander te wees.




Ons gaan in 2024 elke maand op 'n spesifieke waarde fokus en in Februarie begin ons met **Vriendskap.** Om 'n ware vriend vir iemand te wees verg 'n bewustelike ingesteldheid om moeite te doen om mekaar te ondersteun.

Kom ons leer ons kinders om goeie vriende vir ander te wees.

Op Donderdag, 7 Maart 2024, word 'n nuwe beheerliggaam vir die volgende drie jaar verkies. Hoe lyk 'n persoon wat op 'n beheerliggaam dien?

- 'n Dienende persoon wat te alle tye elke kind in die skool se belange op die hart dra
- Kundig in 'n spesifieke veld/portefeulje
- 'n Positiewe, lojale persoon
- Bereidwillig om die "ekstra myl" te stap
- Bereid om na ure vergaderings by te woon
- 'n Persoon wat in sy/haar doen en late as ambassadeur van die skool, 'n positiewe beeld uitdra.

Dankie aan almal (personeel, ouers en leerders) wat meegedoen het om ons Interhuisatletiek van die afgelope naweek so genotvol te maak. Almal se organisering, hulp en deelname word opreg waardeer.

Mnr Henk Wichers (6.1) het die pos as Adjunkhoof by Laerskool Hermanus gekry en hy begin reeds vanaf die tweede kwartaal daar. Ons wens hom baie geluk met hierdie bevorderingspos en vertrou dat hy baie gelukkig sal wees by die nuwe skool. Mnr Henk se pos by Mikro sal tydelik gevul word totdat daar 'n permanente aanstelling deur die onderwysdepartement gemaak is. Daar sal later op 'n gepaste wyse van hom afskeid geneem word.

## 2. MIKRO JOLYT – VRYDAG, 2 FEBRUARIE 2024

Ons skop ons jaar se verrigtinge weer af met `n fantastiese geleentheid vir ons leerders en ouers met ons jolige Mikro Jolyt!!! Vanaf 16:00 tot 20:00 kan elke leerder aan `n wye verskeidenheid speletjies en aktiwiteite deelneem.

Om te kan deelneem, moet jy in besit van `n bandjie wees wat jy teen `n koste van R100 by jou klasopvoeder kan koop. Boeties en sussies wat nog nie 5 jaar oud is nie en ook wil deelneem, kan ***gratis*** deelneem.

**LW:** Slegs leerders wat `n volle R100 ("verkoop elke letter van die Mikro Jolyt – borgvorm teen R10/letter aan jou familie of vriende") insamel, sal `n bandjie vir toegang tot Mikro Jolyt ontvang om te kan deelneem.



`n Opwindende **SPOOKHUIS** wag weer vir dié wat die waagmoed het om dit te trotseer!!!

Na `n middag propvol pret en plesier, kan almal vanaf 20:30 tot 22:00 gaan **SOKKIE** @ R10/persoon – ***slegs kontant*** asb. Daar sal voldoende toesig wees! Toegangsfooi vir die sokkie word op die aand by die deure betaal. `n Verskeidenheid **KOSSTALLETJIES** sal almal se honger kan stil en dors kan les. Geen ouer hoef moeite te doen met aandete nie!!

Om ALLES TE KROON kan ouers `n heerlike lafenis vanaf 17:30 – 22:00 in die **BIERTUIN** geniet terwyl die talentvolle sanger, **VOSLOO BEKKER**, vir ure se vermaak en lekker saamkuier sal sorg!!!

Maak die **MIKRO JOLYT** `n jolige gesinsfees en moet dit nie misloop nie!!!

## 3. SPORT van die WEEK: 30 JANUARIE 2024 tot 2 FEBRUARIE 2024

Normale oefeninge gaan voort soos op die buitemuurse program aangedui.

## 4. NETBAL: KWARTAAL 1 OEFENPROGRAM

Die netbalseisoen vir 2024 begin op Donderdag, 15 Februarie 2024. Raadpleeg asb. die onderstaande tabel om te sien wanneer u kind by hul ouderdomsgroep se proewe moet aanmeld.

| OUDERDOMS-GROEP | DONDERDAG 15 FEBRUARIE | PLEK | OPVOEDERS BETROKKE |
|---|---|---|---|
| o.7 | 13:15-14:15 | Baan 1 & 2 | Adie Cronje, Christine Lamprecht & Nicola du Preez |
| o.8 | 14:30-15:15 | Baan 1 & 2 | Christelle van Niekerk & Suretta Pienaar |
| o.9 | 15:15-16:00 | Baan 1 & 2 | Zanri Meyer & Simone Albertyn |
| o.10 | 15:15-16:00 | Binnebaan | Jané Bezuidenhout, Anika van Niekerk & Marné Wessels |
| o.11 | 16:00-16:45 | Baan 1 & 2 | Christelle van Niekerk & Michelle Swart |
| o.12 | 16:00-16:45 | Binnebaan | Anita Visser & Suzaan van Wyk |
| o.13 | 16:45-17:45 *Dit sluit die huidige oefengroep in.* | Baan 1 & 2 | Leana Mouton & Shariska Nel |

Vanaf 22 Februarie 2024 sal daar elke Donderdag 'n netbaloefening vir alle spanne wees. Sien asb. die program hieronder.

| OUDERDOMS-GROEP | DAG | TYD | PLEK | AFRIGTER |
|---|---|---|---|---|
| o.7 A & B | Donderdag | 13:15-14:15 | Baan 1 | A. Cronje & C. Lamprecht |
| o.7 C & D | Donderdag | 13:15-14:15 | Baan 2 | N. du Preez |
| o.8 A & B | Donderdag | 14:30-15:15 | Baan 1 | C. van Niekerk |
| o.8 C & D | Donderdag | 14:30-15:15 | Baan 2 | S. Pienaar |
| o.9 A & B | Donderdag | 15:15-16:00 | Baan 1 | Z. Meyer |
| o.9 C & D | Donderdag | 15:15-16:00 | Baan 2 | S. Albertyn |
| o.10 A & B | Donderdag | 16:00-16:45 | Baan 1 | J. Bezuidenhout & A. van Niekerk |
| o.10 C & D | Donderdag | 14:30-15:15 | Binnebaan | M. Wessels |
| o.11 A & B | Donderdag | 16:00-16:45 | Baan 2 | C. van Niekerk |
| o.11 C & D | Donderdag | 15:15-16:00 | Binnebaan | M. Swart |
| o.12 A & B | Donderdag | 16:00-16:45 | Binnebaan | A. Visser |
| o.12 C & D & o.13 C & D | Donderdag | 16:45-17:30 | Baan 2 | S. van Wyk |
| o.13 A & B | Donderdag | 16:45-17:45 | Baan 1 | L. Mouton & S. Nel |

**<u>Let wel:</u>**
Indien u kind se proewe/oefeninge op die binnebaan plaasvind, sal u ongelukkig nie toegelaat word om dit by te woon nie, aangesien ons nasorgleerders se veiligheid ons eerste prioriteit is. Die hekkie (by die nasorg) sal dus gesluit wees en slegs ouers wat hul kinders by die nasorg kom haal kan gebruik maak van die hekkie.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF



# MIKRO JOLYT
## 2 Februarie 2024

**R100 PER LEERDER**

ONTVANG 'N BANDJIE BY KLASOPVOEDER.

**16:00 TOT 20:00 :**
LEERDERS KAN AAN 'N WYE VERSKEIDENHEID SPELETJIES EN AKTIWITEITE DEELNEEM.

### SOKKIE
R10 PER PERSOON
(SLEGS KONTANT)

20:30 TOT 22:00

### SPOOKHUIS
'N OPWINDENDE SPOOKHUIS WAG WEER VIR DIÉ WAT DIE WAAGMOED HET OM DIT TE TROTSEER!!!

### ONTHOU JOU GELD
- KOSTALLETJIES
- SOKKIE @R10
- WATERBALLONNE @R5

### BENODIGDHEDE
- SONHOED
- SONSKERM
- HANDDOEK

### BIERTUIN
17:30 – 22:00

TALENTVOLLE VOSLOO BEKKER

# 2024 INLIGTINGSAANDE
Maak seker u woon u kind se inligtingsaand by.

| | |
|---|---|
| **GRAAD 1**<br>17 Januarie<br>19:00 | **GRAAD R**<br>18 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 2**<br>22 Januarie<br>19:00 | **GRAAD 4**<br>23 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 7**<br>24 Januarie<br>18:00 | **GRAAD 3**<br>25 Januarie<br>19:00 |
| **GRAAD 5**<br>29 Januarie<br>19:00 | **GRAAD 6**<br>30 Januarie<br>19:00 |
| **EHL**<br>31 Januarie<br>19:00 | **NASORG**<br>1 Februarie<br>18:30 |


GIFT
VOUCHER
FOR EVERY SUCCESSFUL
REFERRAL I WILL PAY YOU
R5000
Harcourts Dunn
SCHONNE BRUWER
082 445 1372
TERMS AND CONDITIONS OF USE
The voucher will pay out 48 hours after the
registration of the property


OWO-KLEREKAS
Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.
Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.
Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.
6 FEBRUARIE 2023
17:00-18:30
5 MAART 2023
17:00-18:30


Kermis 2024
Markpleine vol van kleur en geur
27 Feb Manne biduur om 05:00
28 Feb Vroue biduur om 19:00
29 Feb BUS CAMINO 18:00
1 Maart Senior Kermis oggend
Kosse van die Markpleine aand
2 Maart KERMIS DAG
3 Maart FEES DIENS
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
Adres
26 Langverwacht Pad
Email ons
bestuur@suidkerk.org.za


Kermis 2024
Markpleine vol kleure en geure
27 Feb
tot
3 Maart
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
Adres
26 Langverwacht Pad
Email ons
bestuur@suidkerk.org.za

# FEBRUARIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1<br>KWSS Inligtingsaand @18:00<br>Nasorg Inligtingsaand @18:30 | 2<br>PRETDAG | 3 | 4 |
| 5<br>Ondersteunersklub verg. @19:00 | 6<br>Atletiek (W): Somer-Wes Primêr | 7 WÊRELDHARDOPLEESDAG<br>GR. R-OPEDAG | 8<br>PRESTIGE ATLETIEK (T) | 9<br>O.13A Krieket 6-a-side (W): Hugo Rust | 10 | 11 |
| 12<br>PROEWE: RUGBY<br>OOV verg. @18:00 | 13<br>PROEWE: HOKKIE (S)<br>Atletiek: MEED @ Parow | 14 NETHEIDSKONTROLE<br>PROEWE: HOKKIE (D)<br>VALENTYNSDAG | 15<br>PROEWE: NETBAL | 16<br>o.10 A Krieket (W): Curro Durbanville | 17<br>O13A&B Rugbyoefening (W): Stellebosch | 18 |
| 19 | 20<br>GEEN SPORT AGV. PERSONEELVERGADERING<br>Atletiek (W): Aristea o.7-o.9 | 21<br>KLAS + INDIVIDUELE FOTO'S (GR. 2-7) | 22<br>Atletiek Distrik Kampioenskappe: MEED Distrik - Parow | 23<br>GR. R-KOEKVERKOPING<br>o.7-o.9 Mini-Krieket (W): Bellpark | 24<br>o.8-o.9 A&B KFC Mini-Krieket (W):Panorama | 25 |
| 26<br>TOETSREEKS: GRAAD 7 | 27<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>o.7-o.9 Atletiek (W): Panorama | 28<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>Atletiek WP Kampioenskappe: Dal Josafat, Paarl | 29<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | | | |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander